

Inhoud Hierdie preek wys wat is die verskil tussen die Here wat self in Jesus vir sondaars die Christus geword het en al die Christusbeelde en -figure wat gepreek en voorgeleef word waar Jesus die Here word deur sy kruis en dood. Die Here het die Christus geword om sondaars te bedien met verlossing, nie om meer goddelike krag en mag te kry om hulle nog mee te onderwerp nie. Wie glo die Here het die Christus geword, vertrou hulle self toe aan Hom as Geneesheer, Verlosser. Wie glo Jesus het die Here geword, deur sy kruis en dood, glo in Jesus as net nog 'n toordokter, 'n toordokter wat jou verwyd en veroordeel vir jou siektes en jou dan onderwerp aan sy goddelike kragte en magte, sonder om jou te genees.

Skriflesing Filippense 1: 9 -11; 2: 5 – 11; 3: 8 – 11.

Teks Fil. 2: 11 “En elke tong sal bely: “Jesus Christus is die Here! – tot eer van God die Vader.”

Tema Jesus Christus is volledig toegerus om sondaars volkome te verlos

1. Hoe goed is Christus toegerus om sondaars te kan help? Kan Christus ons regtig ten opsigte van ons sondes en sondigheid met alles help?

Dit is die vraag en die antwoord in die kort volledige samevattende geloofsbelydenis: “Jesus Christus is Here.” Hierdie kort geloofsbelydenis is die samevatting van alles wie Jesus Christus is en wat hy doen. Met hierdie belydenis vat Paulus alles saam wat ons vandag nog in die eredienste bely in die “Apostoliese geloofsbelydenis”, “Ek glo in God eie Vader, sy eniggebore Seun ons Here en in die Heilige Gees, en in alles wat Christus van sy geboorte tot met sy wederkoms doen, en aan alles wat Hy vir ons in laat deel, van lidmaatskap van sy kerk tot die ewige lewe.

Paulus herhaal hierdie kort samevattende geloofsbelydenis in Filippense 5 keer: Dit is die inleiding van die brief in 1:2 “Genade en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus”, dan herhaal dit in 2: 15 “elke tong sal bely “Jesus Christus is die Here”, in 3:8 “om Christus Jesus my Here te ken, oortref alles in waarde, in 3:20 “Ons burgerskap is egter van die hemel, van waar ons as Verlosser verwag: die Here Jesus Christus” en in die laaste vers van die brief 4:23 Die genade van die Here Jesus Christus bly met julle gees.”

Met hierdie belydenis word openbaar dat Jesus Christus is volledig toegerus om sondaars volkome te verlos.

2. Hoekom?

Hierdie geloofsbelydenis gaan maklik by ons verby sonder dat ons die inhoud daarvan hoor en herken. Die rede daarvoor is dat ons die belydenis eintlik

Jesus Christus is volledig toegerus om sondaars volkome te verlos

agterstevoorom hoor. Ons hoor dit só: “Jesus Christus het die die Here geword” en dan verstaan ons dit só: “Jesus is ’n mens wat goddelik geword het met ’n goddelike gees, goddelike magte en kragte en ’n goddelike posisie by God self.”

Dit is hoe die gemiddelde mens hierdie belydenis hoor: “Jesus Christus het die Here geword deur sy verskriklike vernedering aan die kruis.” Hy het deur sy vernedering goddelike mag, krag en status verkry wat Hy nie van te vore gehad het nie. Die evangelie werk egter presies net mooi andersom. In drie van die belydenisse van Paulus in Filippense is die woordvolgorde: die Here Jesus Christus. In hierdie volgorde beteken die belydenis: die Here is Jesus die Christus.

Wanneer ons dit só hoor dan beteken dit: die Here het die Christus geword! Nie Jesus het die Here geword nie, maar die Here het in en deur Jesus die Christus geword. Hierdie is nie sommer maar net kunstige woordspelings nie. Dit is twee heeltemal teenstrydige belydenisse wat presies net die teenoorgestelde beteken is. Jesus het nie die Here geword nie. Die Here het die Christus geword, in en deur Jesus.

3. Kom ons kyk nou weer na ons Skriflesing in hoofstuk 2 en dan kyk u of u die verskil kan raaksien in hierdie twee verskillende belydenisse, en kan raaksien watter belydenis is die een in die Woord van God!

“Hy wat in die gestalte van God was, het nie sy gelykheid aan God beskou as iets waaraan Hy moes vashou nie, maar het Homself prysgegee deur die gestalte van ’n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.” (2: 6.7)

Christus is die Here wat mens geword het! Dit is die openbaring in hierdie sin. Christus is gelyk aan God gewees, in die gestalte van God, en toe het Hy aan mense gelyk geword. Hy is nie ’n mens wat verander het na die gestalte van God en toe aan God gelyk geword het nie. Hy is die Here wat Christus word, nie die Christus wat Here word nie!

Hier verkondig Paulus mos net presies dieselfde as die apostel Johannes in Joh. 1: 14: “En die Woord het mens geword.” Die Woord wat in die begin was, was self God en deur wie alles ontstaan het. (Joh. 1: 1-3)

Die woord “Here” het in die Bybel net een betekenis: dit is God self wat Hom as Verbondsgod aan Moses openbaar het in Ex. 3: 14, 15. Jesus is self God, die Seun van die Vader van ewig af gewees, en Hy wie self die Here is, het aan mense gelyk geword deur self ’n mens te word. Christus is die Here wat mens geword het, nie andersom nie.

4. Hoe het die Here Homself die Christus gemaak?

Jesus Christus is volledig toegerus om sondaars volkome te verlos

Hy het nie net die mens Jesus geword nie, maar Hy het Hom verneder deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja die dood van die kruis. (2: 8) Op hierdie wyse het Jesus Homself die Christus gemaak.

U moet dit duidelik raaksien dat die vernedering was nie om aan mense gelyk te word nie. Die Seun se vernedering was nie om 'n mens te word nie. Sy vernedering was sy lyding deur die kruis tot in die dood toe.

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig! Die vernedering waaraan 'n jongmens hom of haar onderwerp om as dokter bekwaam te word! Jongmense wat graag mense met hul siektes wil genees en versorg moet hulself eers verneder voor hul dokters kan word.

Dit is hoe die gemiddelde jongmens 'n dokter word. Deur 'n armoedige studente bestaan te voer vir jare aanmekaar terwyl ander jongmense gou ryk word; om in haglike omstandighede te leef, baie keer vereensaam in eenvertrek woonstelle met die minimum; om jou teenoor verpleegstaf as ondergeskikte te stel en al die raas, woede en ongeskiktheid van mentors te aanvaar as reg en goed. Om glad nie betaal of op enige manier vergoed te word vir al die mediese dienste wat jy as student in opleiding lewer nie.

Hulle aanvaar hierdie nederige ondergeskikte posisie om daardeur toegerus te kan word om te kan doen wat hulle voor bestem is, om geneeshere te word wat diensbaar aan mense is.

Hierdie nederige ondergeskikte posisie is nie maar sommer net iets wat hulle maar net vir 'n rukkie verdra en dan vergeet nie. Dit is hierdie dienstyd wat hul bekwaamheid vorm en bepaal. Dit is juis in en deur hierdie nederige posisie wat hulle bekwaam word om volledige dokters kan wees.

5. Dit is presies wat met Jesus gebeur het om die Christus te kan wees!

Hoe word Hy die Here wat sondaars van elke sonde en hul sondige geaardheid genees? Deur die vernedering van dienstyd van drie jaar. In hierdie drie jaar is Hy verneder deur die oordeel, die vloek, die straf en verwerping deur God die Vader, waarin Hy die toorn, woede, grimmigheid en haat van God teen sondaars op Homself geneem het. Tot die dood toe! Dit beteken sodat dit ten volle verreken en afgehandel is.

Sodat wat? Sodat Hy die Here nou vir sondaars vir altyd die Christus kan wees. Só het God die Seun Homself as Here toegerus om sondaars se Geneesheer te wees: Hy maak sondaars van sondes reg en gesond vir God die Vader se volle liefde!

Jesus Christus is volledig toegerus om sondaars volkome te verlos

Die wyse waarop Die Seun vir ons die Christus is, is om ons in te sluit en alles wie Hy as mens is en vir ons gedoen het. Só maak die Here ons regverdig. Paulus bely dat om Christus Jesus as Here te ken beteken, om in Hom ingesluit te wees, deel van sy lyding, dood en opstanding, en so vir God regverdig te wees. (Fil. 3: 8 -11) Tweedens vervul Hy ons innerlik met die vrug van hierdie geregtigheid waarby Hy ons insluit. (Fil. 1:11) Hy skep in ons die innerlike dankbaarheid, vrede met, goedheid teenoor, getrouheid en selfbeheersing teenoor God in die genade, vrede en liefde wat God ons in laat deel.

6. Om vir ons die Christus te wees, is hoe God ons bedien!

Wanneer ons dink Jesus het die Here geword en nie andersom nie, dan hoor ons ook nie die evangelie in hierdie volgende sin nie: “Hy wat in die gestalte van God was, het nie sy gelykheid aan God beskou as iets waaraan Hy moes vashou nie, maar het Homself prysgegee deur die gestalte van ’n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.” (2: 6.7)

Die Seun het sy goddelikheid nie gesien as iets wat te hoog en magtig is om mense te bedien nie. Die gestalte van ’n slaaf beteken dat die Here self iemand geword het wat ’n diens lewer, wat bedien. Daarom beteken hierdie sin dat die Here voor wie elkeen die knie sal buig as Here, nie sy mag sien as ’n mag om mense aan te onderwerp en aan ondergeskik te stel nie, maar om mense diensbaar te versorg!

Dit is mos presies wat die Here vir ons geopenbaar het met sy voetwassing met die instel van die nagmaal as sakrament! Die Here wys met hierdie gebaar dat Hy met sy lyding, kruisiging en dood, as Here, mense diensbaar sal versorg in sy liefde. Om vir mense te ly en te sterf, hulle vir God reg te maak en te vervul met die vrug van geregtigheid, is Here se diensbare sorg aan sondaars.

Kom ons lig dit weer met ons voorbeeld toe? Hoekom word jongmense dokters? As jy wil ryk word, is daar honderde beroepe waar jy miljoene rande meer as dokters kan maak. As jy mag en invloed wil hê oor mense, is dit die laaste beroep om te volg. As jy gemaklik en goed wil leef, mag jy nie ’n dokter word nie. As jy graag bedien wil word, nog minder! Om ’n dokter te word, gaan oor om mense in nood te help, dag en nag, sonder ophou diensbaar!

Christus se vernedering is vir altyd verby, nes ’n dokter se studenteopleiding vir altyd verby is, maar nie sy diensbaarheid nie. Christus het as die Here die gestalte, die posisie van diensbaarheid, van ’n slaaf opgeneem en aan mense gelyk geword.

En Hy is nog steeds mens vandag! Paulus stel dit só: “Want daar is een God, en die een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus wat Homself as losprys vir almal gegee het tot getuienis op die bestemde tyd.” (1 Tim. 2: 5. 6) En as

Jesus Christus is volledig toegerus om sondaars volkome te verlos

Jesus vandag nog steeds mens is, is Hy nog steeds die Here in die gestalte van 'n slaaf: diensbaar, besig om te bedien!

7. Jesus Christus is die Here, die Here Jesus Christus!

Wat hoor u wanneer u hierdie aankondiging oor Jesus Christus hoor: Jesus Christus is die Here?

Veral wanneer dit só aangekondig word: God het Hom uitermate verhoog, Hom 'n Naam bo alle ander name geskenk, en in sy Naam sal almal die knie boog en bely: Jesus Christus is die Here!

Kom ons toets dit weer aan die twee teenstyldige betekenisse wat ons aan die begin gestel het: hoe hoor jy hierdie aankondiging? Jy kan dit hoor as die aankondiging dat Jesus die Here geword het of jy na dit hoor dat die Here die Christus geword het!

Kom ons stel dit teenoor mekaar!

Die eerste een is dan dat Jesus het die Here geword! Jesus het die vernedering van die kruis en dood gevat om die mag te kry om Here te wees! Voor sy vernedering aan die kruis en in die dood was Hy nie die magtige Here nie. Nou is hy die magtige Here voor wie elke knie moet buig! Dit beteken mos niks anders nie as dat Jesus deur sy kruis en dood goddelike magte, krag en 'n posisie gekry het wat Hy nie voorheen gehad het nie. Dan beteken dit mos dat Hy Homself met sy kruis en dood met al hierdie magte wat Hy nie gehad het nie, nou bekleed.

Wat beteken “Naam bely” en “knie buig” voor Christus as dit is hoe ons dit hoor? Dit kan niks anders beteken nie as dat ons ons moet onderwerp aan die goddelike mag en krag en Naam van Jesus en ons teenoor Hom ondergeskik en gediensstig moet stel nie. Ons moet onself aan sy mag oorgee en ons lewe en hart vir hom gee sodat sy mag nog groter kan word.

Dit is mos net hoe mense “uitermate verhoog met 'n Naam bo alle name voor wie jy moet knie buig en bely, hoor!

8. Maar as die Here die Christus geword het om sondaars te bedien en nog steeds diensbaar teenoor sondaar is, dan kan ons hierdie sinne glad nie so hoor nie!

Wat hoor u as u hoor, die beste dokter in die land het sy praktyk in Louis Trichardt kom oopmaak? Nie om geld te kom maak nie, want dit kon hy in al die hoofstede van die wêreld gaan doen het. Nie om mag te kry nie, want dit kon hy by al die wêreldleiers gekry het. Nie om vir Hom net hier te kom naam maak nie, want hy is al klaar die beste dokter in die wêreld. Nie om te kom aftree, lui-lekker net bietjie met werk besig te wees nie, maar om dag en nag die gemeenskap te kom help.

Jesus Christus is volledig toegerus om sondaars volkome te verlos

Die beste dokter in die wêreld het hom diensbaar kom maak aan ons gemeenskap wat regtig nie so dokter waardig is en verdien nie!

Die Here van hemel en aarde het self die Christus geword om onder mense te woon en hulle te genees van sonde!

Nou hoor ons die evangelie!

Want uitermate verhoog beteken nie dat God hoër, magtiger, kragtiger, invloedryker geword het as wat Hy nog altyd as die Here was en sal wees nie. Die Here het nie die Here geword nie. Die Here is die Here! Hy is wat Hy is! Uitermate verhoog beteken die Here het diensbaar geword om sondaars van hul sondes te regverdig. God bedien sondaar met geregtigheid en vervul hulle as diens met die vrug van geregtigheid. Alles wat Hy net kon eis het en met mag kon afdwing het!

Naam bo alle name, beteken alle ander verlossers, Christusse en Mesiasse is mense wat hul self goddelik maak en mense verlei om te glo hulle kan hulle ook help om te leef met goddelike kragte, magte en posisies! Maar hier is die Here self die Christus en 'n beter Christus as wat die Here self is, kan daar nie wees nie.

Knie buig en naam bely kry ook nou 'n evangelie betekenis! Kyk net na hierdie belydenis: "Jesus Christus is die Here" wat beteken volgens die drie ander plekke in Filippense: Die Here is self die Christus in en deur Jesus wat mens geword het! Die Here is self die slaaf, wat sondaars bedien en diensbaar is om hul van hul sondes te genees!

Nou beteken "knie buig", 'n dankbare toevlug tot Hom wat my help en bedien met sy verlossing! "Knie buig" beteken nie onderwerp aan goddelike krag en mag nie, maar om net by Hom hulp, redding, uitkoms en verlossing te soek in die wete dat net die Here is my Christus!

En "Naam bely" beteken om te glo en te erken dat die Here het in en deur Jesus as mens die Christus geword. "Naam bely" beteken om soos Paulus te erken dat die Here het my ingesluit en laat my deel in wie Hy as mens vir my in my plek is. "Naam bely" beteken om alles en almal te verwerp wie glo dat Jesus die Here geword het met goddelike kragte, magte en posisies.

Jesus Christus is die Here. Die Here is Christus Jesus. Jesus het nie die Here geword nie.

9. Hoe preek die geestelikes van hierdie wêreld presies die teenoorgetelde boodskap as die evangelie, maar noem dit die evangelie van Jesus Christus? Hoe

Jesus Christus is volledig toegerus om sondaars volkome te verlos

preek hulle Jesus só dat ons hoor Hy het die magtigste Naam, posisie en krag gekry en dat ons nou voor sy mag die knie moet buig en sy krag en mag moet bely?\

Dit word só gepreek! Jy het met jou sondes Jesus se lyding, kruisiging en dood veroorsaak! Jy moet sondes bely, berou hê en jouself aan Jesus oorgee om alles te doen wat Hy sê omdat jy skuldig staan, veroordeel staan, aangekla en verwyt word vir hoe jy Hom laat ly en doodgaan het!

Weet u hoe absurd is dit om so iets te preek en dit die evangelie van Jesus Christus te noem? Dit is net so absurd soos 'n dokter na wie jy toe gaan as jy siek is, en jy moet vir daardie dokter jammer sê, teenoor hom berou hê omdat hy 'n dokter geword het omdat jy siek is en siek gaan wees!

Wat totaal verspot sal wees, is wanneer daardie dokter jou verantwoordelik hou vir al sy swaarkry en vernedering as student om 'n dokter te moes geword het en jou nou as dokter verwyt, beskuldig, veroordeel en gaan terug kry vir daardie vernederende lewe wat hy moes leef om 'n dokter te word!

Dit is totaal verspot want al sy selfopoffering in vernedering was om diensbaar te wees teenoor siek mense, nie om hulle vir altyd kwalik te neem omdat hy moes swaarkry om 'n dokter te word nie!

Maar daar is sulke dokters! Wat noem ons dokters wat jou verwyt en aankla vir jou siektes, vir wie jy moet gaan jammer sê dat jy siek is en jouself aan sy goddelike kragte en magte sal onderwerp? Wat vir jou selfpynigende voorskrifte gee om net so vernederd te word soos wat hy vernederd was om dokter te word? Dit is mos toordokters! Wie Jesus preek as iemand wat deur sy lyding en dood die Here geword het, preek Jesus as die groot toordokter!

Dit is hoe verspot hierdie predikers en geestelikes is wat maak asof jy met jou sondes moet gaan bely dat jy die oorsaak van Jesus se vernedering tot die dood toe was! Nog erger, wat preek dat jy ook jouself moet kruisig en dood maak, soos hy homself laat verneder het om 'n toordokter te word.

Die Here wou deur sy vernedering gaan om ons te bedien met sy verlossing as die Christus, nie as toordokter aan goddelike kragte en magte te onderwerp nie. Kyk mooi hoe stel Paulus dit: "en elke tong sal bely: "Jesus Christus is die Here! "- tot eer van die Vader. Dit is God se eer om self die Christus te word en te wees vir sondaar in en deur Jesus! Dit is nie sy vernedering nie!

Dit is die Here se eer om vir ons die Christus te wees. Deur sy vernedering bedien Hy ons nou met die volle en volkome verlossing van al ons sondes. Ons het God nie onteer om die Christus te word nie! Dit is die Vader se eer dat sy Seun self die Christus vir ons is!

Jesus Christus is volledig toegerus om sondaars volkome te verlos

10. Het u al ooit gedink u verspot is dit om te preek dat Jesus verneder is om Here te word?

Dit is net so goed soos 'n jongmens wat as student alles wil ontbeer om 'n dokter te word sodat hy in magtige man in die dorp kan word wie se woord wet is en almal hulle aan onderwerp omdat hy 'n dokter is!

'n Mens word nie 'n dokter as jy mense wil onderwerp aan goddelike krag, magte en name nie, jy word 'n toordokter! Toordokters gaan deur 'n selfvernederling van kaal rondloop in die maanlig om krag te kry, van selffoltering en selfmarteling met purgeermiddels en pynmiddels om hulle magte en kragte te gee. Magte en kragte waarmee hulle die magtigste mense in gemeenskappe wil word.

Die Here het nie die Christus geword om met nog groter mag en krag ons aan Hom te onderwerp nie. Die Here het die Christus geword om altyd in die gestalte van 'n slaaf ons met die volle verlossing van sondes te bedien tot eer van God die Vader. Jesus Christus is volkome toegerus om ons van alle sonde vir altyd volkome vry te maak en diensbaar in God se liefde te laat leef, want Hy is die Here wat self die Christus geword het. Niemand kan ons meer verlos, meer vergewe, meer diensbaar maak as die Here wat self die Christus geword het nie.

Daar is niemand meer toegerus om ons vir God en sy liefde reg te maak, as God, die Here self nie!

Alle Jesusbeelde wat vir ons gepreek word wat die Here word van ons lewe, met meer krag en mag as voor Hy gely en gesterf het, is afgodsbeelde wat Jesus die groot toordokter in ons lewe maak, voor wie se goddelike kragte en magte ons die knie moet buig en wie se naam ons moet bely asof hulle die Here is. Enige Jesus wat ons met mag en krag op ons knieë kry – is net nog 'n toordokter van afgodsdienste. Dit is die toordokter Jesus wat mense die Here moet maak in hul lewe!

Die Here het Christus geword, volkome toegerus om ons volkome te verlos! Daar is geen toordokter Jesus wat die Here kan word nie. Maak nie saak hoeveel bely hom, maak hom koning op hulle harte en onderwerp hul lewens aan hom nie. Daar bestaan geen Jesusfiguur, Jesus-gees of Jesusbeeld wat die Here geword het nie.

Die Jesus wat ons moet Here maak in ons lewe, is die toordokter Jesus. Ons maak Hom nie Here nie. Die Here maak Homself ons Messias, ons Christus. Die Here self, Skepper van hemel en aarde, het vir ons in Jesus die volkome Christus geword.

Kom ons buig en kniel en bely sy Naam – Hy is ons volkome Geneesheer wat ons volledig van ons sondes verlos! Tot eer van God ons Vader! Kom ons roep Hom in gebed aan in sy Naam!